## OUER-HANDLEIDING VAL DE VIE 2022

Welkom by die Kinder Ark. Hierdie handleiding verskaf 'n raamwerk van ons skool se beleid, asook algemene inligting aangaande ons skool.

## VISIE EN MISIE

Ons streef daarna om die hoogste standaard van opvoeding vir kinders tussen die ouderdom van 4 maande tot 5 jaar te handhaaf.

Kinder Ark se kurrikulum is ryk aan sensoriese insette en mylpale word bereik deur middel van speel.

**"Play is the highest expression of human development in childhood for it alone is the free expression of what is in a child's soul." – Friedrich Froebel**

**Children are like tiny flowers; they are varied and need care, but each is beautiful alone and glorious when seen in the community of peers." – Friedrich Froebel**

Die skool sal fokus op die fisiese, intellektuele, emosionele en sosiale ontwikkeling van elke unieke individu in 'n positiewe, christelike, liefdevolle, en veilige atmosfeer. So 'n atmosfeer kan slegs geskep word deur die fokus op ons Hemelse Vader te plaas.

## TOELATINGSBELEID

Kinder Ark verwelkom alle kinders en sal nie diskrimineer teen enige kind ten opsigte van ras, kerklike denominasie of mediese toestand nie.
Kontak ons asseblief indien u die skool wil besoek.
Ons kontakbesonderhede is: 084-701-5583 of e-pos ons by: vdv@kinderark.co.za

Ons benodig die volgende inligting indien u besluit om u kind / kinders by Kinder Ark in te skryf:

1. Invul en teken van aansoekvorm
2. Teken sertifikaat van vrywaring
3. Inskrywing moet deur ons bevestig word per e-pos
4. Betaling van deposito wat bestaan uit R600 inskrywingsfooi plus een maand se klasgelde.

**Die klasgelde word aangewend vir die eerste maand se maandfooi.**
**Die inskrywingsfooi en deposito is dadelik betaalbaar en nie terugbetaalbaar met 'n kansellasie nie.**

Dit is vir ons baie belangrik dat ons die nodige inligting het wanneer u, u kind skool toe bring, dus sal geen kind toegelaat word indien enige van die bogenoemde stappe nie nagekom word nie.

**Let wel**: boeties en sussies van huidige leerders kry voorkeur en daarna word nuwe aansoeke oorweeg.

**SKOOLTYE**

Ons bied halfdagsorg, voldagsorg en vakansiesorg aan.
Halfdag: 07:30 – 13:30
Voldag: 07:30 – 17:30

Die amptelike dagprogram begin om 08:30. Wees asseblief stiptelik. Laatkommers ontwrig die klas. 'n Boete van R20 vir elke 10 minute na 13:30, is betaalbaar indien u nie u kind betyds kom haal nie.

**VAKANSIETYE:**

Vakansietye is duidelik gemerk op die jaarbeplanner.
Versorging van kinders vind nie op openbare vakansiedae en sommige skoolvakansiedae plaas nie.
In Desember/Januarie is die kleuterskool gesluit vanaf een week nadat die Wes-Kaapse skole sluit in Desember, tot wanneer die Wes-Kaapse skole heropen in Januarie, of soos anders deurgegee.

Gedurende die wintervakansie is die kleuterskool gesluit vir twee weke. Die sluitingstyd sal aangedui word op die jaarbeplanner.

**FINANSIËLE INLIGTING:**

KLASFOOIE

Halfdag: R4050.00 per maand,betaalbaar vir 12 maande van die jaar (2022)
Voldag: R4750.00 per maand, betaalbaar vir 12 maande van die jaar (2022)

Indien fooie jaarliks, vooruit betaal word, word korting van 5% aangebied.

Geen korting word gegee tydens die kleuter se afwesigheid weens siekte of wanneer hy/sy met vakansie is nie.
Ouers word verplig om die volle fooi vir die sluitingstydperk te betaal.

BANKBESONDERHEDE:

REKENING: Kinder Ark EDMS. Bpk
BANK: MERCANTILE BANK
TAK: COMMERCIAL SUITE SOUTH
KODE: 450905
TIPE REKENING: CURRENT
REKENING NOMMER: **1050713710**

E-pos asb bewys van inbetaling na **accounts@kinderark.co.za**
Gebruik asb u kind se rekeningnommer as verwysing.

**KENNISGEWING**
Ons vereis een kalendermaand kennis indien u, u kind wil onttrek. Kennisgewing moet skriftelik ingedien word. Ouers word verplig om geen kennis van onttrekking van enige kinders gedurende Novembermaand te gee nie (ongeag of die kinders terugkeer of Laerskool toe gaan die volgende jaar.) Die laaste datum waarop kennis van onttrekking dus kan geskied, is op 1 Oktober vir die einde van Oktober. **GEEN uitsondering sal op hierdie reël gemaak word nie.**

**KOMMUNIKASIE**

Kommunikasie per klas word gedoen deur middel van WhatsApp groepe. Alle boodskappe vanaf ouers word asseblief direk aan die onderwyseres gerig. Whatsapp groepe gaan binne kort vervang word met CHILDCLOUD.

Kinder Ark het ook 'n Facebook groep. Dit is 'n geslote groep waarvan die lede deur die skool beheer word. Op die groep word daar gereeld fotos van u kinders gelaai. Hou dit gerus dop.

## OPLAAI EN AFLAAI VAN KINDERS

Ouers word versoek om hulle kinders persoonlik in die sorg van die betrokke personeellid te laat.
Indien u nie persoonlik u kind kan afhaal nie, moet 'n skriftelike brief, sms of WhatsApp boodskap aan die klasonderwyser deurgegee word. Die skool program begin amptelik om 08:30. Moet asb nie u kind na 08:30 aflaai nie, dit is steurend vir die res van die groep en ook moeilik vir die betrokke kind om gemaklik by die roetine van die klas in te pas.

## BYWONING

Indien u kind langer as drie dae afwesig is, moet u die skool in kennis stel.
Kinders wat die skool ongereeld bywoon, kan nie verwag om 'n vorderingsverslag te ontvang nie.

## DIE EERSTE SKOOLDAG

Kinders het unieke reaksies op nuwe ervarings. Totdat hulle aangepas het by die nuwe omgewing, is dit nie ongewoon dat hulle tranerig afskeid neem van Ma of Pa nie. In die meeste gevalle pas kinders beter aan indien ouers groet en gaan werk eerder as om te bly. Wanneer u bly totdat die trane bedaar, word dit baie moeilik vir u kind om te bepaal wanneer u moet ry en dus veroorsaak dit onsekerheid. Kinders reageer baie goed op die verloop van gebeure en 'n roetine laat hulle veilig voel. Dit is dus belangrik om hulle vooraf voor te berei deur byvoorbeeld te sê: "As jy klaar jou tassie gebêre het, gaan ek werk toe en ek kom haal jou net na middagete". So weet u kind hoe gebeure gaan verloop. Moet asseblief nie wegglip om trane te vermy nie, dit veroorsaak wantroue in

u.  Gewoonlik neem kinders 'n week of drie om aan te pas.  Indien ons sien dat u kind nie skoolgereed is nie, sal ek u in kennis stel en dan probeer ons later weer.

**SKOOLDRAG**

ALLE TASSE EN KLERE MOET ASSEBLIEF DUIDELIK GEMERK WEES.
Trek gerus ou klere aan, aangesien mors-aktiwiteite belangrik is vir u kind se ontwikkeling.
Elke Maandag is Kinder Ark-hempie-dag.
Ons het 'n "NO HATS, NO PLAY" beleid, onthou dus asseblief om u kind se Kinder Ark hoed by die skool te laat.

**PAK ASB 'n SKOOLSAKKIE MET DIE VOLGENDE:**

- Kosblik met gesonde versnapering vir 10:00
- Water of sap (waterbottel gemerk)
- Skoon stel klere
- Kinder Ark sonhoed
- Sonskerm (gemerk)

**DOEKE / TOILET GEREEDHEID**

U verskaf self doeke, lappies en salf vir u kleuter.  Die betrokke personeellid sal u per what's app in kennis stel wanneer voorraad min word.  Wanneer u kleuter gereed is om die toilet te gebruik, sal ons in samewerking met u die gewoonte konsekwent ondersteun.

**MAALTYE**

Ontbyt sal bedien word vanaf 07:30 tot 08:20. Wees asseblief stiptelik indien u kind ontbyt by die skool moet eet.
Om 10:00 sal hulle versnapering genuttig word.  U is verantwoordelik vir die voorsiening van die versnapering en iets om te drink.
Middagete sal bedien word vanaf 12:15 tot 13:00.  Kleuters moet asseblief nie gedurende middagete kom haal word nie, behalwe wanneer vooraf gereël word.
Middagete vir 1-2 jariges sal bedien word vanaf 11:30 tot 12:00.

As gevolg van lewensdreigende neut allergieë, het ons 'n geen neute beleid by die skool. Dit sluit neutbotters, neute en alle produkte wat neute bevat in. Vind asb alternatiewe versnaperinge.

**LEKKERNYE EN SPEELGOED**

Kinders moet asb geen lekkergoed skool toe bring nie, behalwe op 'n Vrydag. Ons probeer om gesonde eetgewoontes aan te leer.
Speelgoed breek, raak weg en veroorsaak onmin tussen kinders, hou dit asseblief by die huis. Ons aanvaar geen verantwoordelikheid vir speelgoed wat verlore, gebreek of gesteel word nie.

**VERJAARSDAE**

'n Verjaarsdag is 'n baie spesiale gebeurtenis in 'n kind se lewe en daarom is partytjies baie welkom. U is welkom om 'n verjaarsdagkoek of kolwyntjies te stuur. As u kies om partytjiepakkies saam te stuur moet dit asseblief gesonde versnapperinge wees soos byvoorbeeld: biltong – droëwors; vrugte/ groente; kaas/jogurt; springmielies/pretzels.

**SIEKTEBELEID:**

**SIEKTE**

Kinders met 'n aansteeklike siekte mag nie die kleuterskool bywoon nie, aangesien ons die verspreiding daarvan tussen die kinders en personeel wil voorkom. Geen medisyne sal by die skool toegedien word nie. Kinders kan weer terug kom skool toe nadat hulle geen koors vir 24 uur gehad het nie.
**Baie belangrik: 'n Kleuter wat op antibiotika is, mag eers terugkeer skool toe nadat die kurses voltooi is.**
Indien u kind by die skool siek of beseer word, sal u dadelik in kennis gestel word en word u versoek om u kind so gou as moontlik te kom haal. OM HIERDIE REDE IS HUIDIGE KONTAKNOMMERS NOODSAAKLIK. Indien u nie bereik kan word nie sal ons die dokter wat gelys is op die aansoekvorm in kennis stel. Indien die situasie lewensgevaarlik is, sal ons u kind na Paarl Medi-Kliniek neem.

As gevolg van lewensdreigende neut allergieë, het ons 'n geen neute beleid by die skool. Dit sluit neutbotters, neute en alle produkte wat neute bevat in. Vind asb alternatiewe versnaperinge.

**DAAGLIKSE SKEDULE**

07:30 - 08:20 Ontbyt en Vryspel
08:20 – 08:30 Opruimtyd
08:30 – 08:45 Storietyd
08:45 – 09:00 Musiek en beweging
09:00 - 10:00 Groepbespreking en werktyd
10:00 – 10:30 Versnapering
10:30 – 11:30 Buitespel
11:30 – 12:00 Bybel
12:00 – 12:15 Bybelliedjies
12:15 – 13:00 Middagete
13:15 – 13:30 Halfdag leerders gaan huis toe.
13:15 – 14:45 Slaaptyd/Wagklas vir voldag student
14:45 – 15:00 Ruil doeke/ Badkamerroetine
15:00 – 15:30 Versnapering
15:30 – 16:30 Vryspel
16:30 - 17:00 Versnapering
16:00 – 17:30 Vryspel

**KLASGROEPE (2021)**

Een van ons doelwitte is om kleiner groepe te handhaaf. Met gekwalifiseerde onderwysers om sodoende 'n hoë standaard van onderrig te verseker.

Goggas A: 1-2 jarige Afrikaanse groep (12 kinders per klas met een opvoeder en twee hulpe)
Bugs E: 1-2 year old English group (12 children per group with a teacher and two assistants)
Wilde Diere A: 2-3 jarige Afrikaanse groep (16 kinders per klas met een opvoeder, 'n hulp en 'n gedeelde hulp)
Wild Animals E: 2-3 year English group (16 children per group with a teacher, assistant and a shared assistant)

Die See-klas A:  3-4 jarige Afrikaanse groep (20 kinders per groep met een opvoeder, 'n hulp en een gedeelde hulp)
The Nautical class: 3-4 year English group with a teacher, one assistant and one shared assistant.
Voëltjie Klas A: 4-5 jarige Afrikaanse groep (20 kinders per klas met een opvoeder, 'n hulp en een gedeelde hulp)
Bird Class E: 4-5 year English group (20 children with a teacher, one assistant and one shared assistant)

**BEPLANDE KLASGROEPE VIR 2022:**

New Beginnings 1: 4 maande tot 7 maande (8 babas per klas met twee opvoeders)
New Beginnings 2: 8 tot 16 maande (12 babas per klas met een opvoeder en twee hulpe).
Goggaklas A: 1-2 jarige Afrikaanse groep (12 kinders per klas met een opvoeder, 'n hulp, en 'n gedeelde hulp)
Bugs E: 1-2 year English group (12 children per group with a teacher, assistant and a shared assistant)
Die See-klas A:  2-3 jarige Afrikaanse groep (18 kinders per groep met een opvoeder, 'n hulp en een gedeelde hulp)
The Nautical class: 2-3 year English group (18 children with a teacher, assistant and a shared assistant)
Voëltjie-klas A: 3-4 jarige Afrikaanse groep (20 kinders per klas met een opvoeder, 'n hulp en een gedeelde hulp)
Bird Class E: 3-4 year English group (20 children with a teacher, assistant and a shared assistant)
Plaasklas A: 4-5 jarige Afrikaanse groep (20 kinders per klas met een opvoeder, 'n hulp en een gedeelde hulp)
Farm Class E: 4-5 year English group (20 children with a teacher, one assistant and one shared assistant)

**KWALIFIKASIES VAN OPVOEDERS**

Ons skool streef daarna om opvoeders aan te stel met 'n kwalifikasie in Vroeë Kinderontwikkeling.

**DISSIPLINêRE KODE**

Kinders sal na twee waarskuwings voorregte verloor of na 'n "dink stasie" gestuur word, afhangende van wat werk vir die betrokke kind. Indien dissipline 'n voortdurende probleem bly, sal ons die ouers kontak en in samewerking met professionele dienste sal ons probeer om die probleem op te los.

**BUITEMUURSE AKTIWITEITE**

AANBIEDING VAN BUITEMUURSE PROGRAMME WORD BEPAAL DEUR INSKRYWINGS BY DIE BETROKKE PROGRAMME.
Sien asb moontlike buitemuurse aktiwiteite op die BUITEMUURSE SKAKEL. Aan die begin van die eerste kwartaal, sal ons 'n buitemuurse rooster opstel en op klasgroepe plaas. Alle buitemuurse-aktiwiteite word tydens skoolure aangebied.

Ons is baie bevoorreg om Leonie Kinderkinetika as deel van ons program te hê teen geen koste vir ouers nie.

Kostes van buitemuurse aktiwiteite sal apart gehef word en betaling word direk aan die instansie gedoen.

**UITSTAPPIES**

Ons beplan om jaarliks 'n aantal skoolbesoeke van buitemuurse bedrywe na ons skool te nooi wat van opvoedkundige waarde sal wees. Koste van uitstappies sal by Maart se maandfooi gevoeg word, en sal aangewend word vir die hele jaar se uitstappies.

Kontak ons gerus met enige vrae by 084-701-5583 of stuur 'n epos na: vdv@kinderark.co.za

Vriendelike Groete
Madri Steyn
Kinder Ark - Eienaar